higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

20 November 2024

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C✓
1.2 A✓
1.3 B✓
1.4 A✓
1.5 B✓

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Waar✓
2.2 Onwaar✓
2.3 Onwaar✓
2.4 Onwaar✓
2.5 Waar✓

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 K✓
3.2 F✓
3.3 J✓
3.4 G✓
3.5 B✓
3.6 A✓
3.7 C✓
3.8 E✓
3.9 M✓
3.10 D✓

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Korrektiewe beampte
4.2 tot nadeel van die beskuldigde
4.3 Voorvonnisverslag
4.4 Eksterne hulp by vonnisoplegging
4.5 Objektief

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Primêre getuienis: Dit verwys na die beste getuienis beskikbaar. Dit impliseer dat geen beter of sterker getuienis beskikbaar is nie.
- Sekondêre getuienis: Dit impliseer dat beter of sterker getuienis bestaan of bestaan het, maar dat dit nie, om ’n rede wat vir die hof aanvaarbaar is, as getuienis aangebied kan word nie. (2 × 1) (2)

5.2 Veroordeelde persone kan slegs tot ’n gevangenis toegelaat word deur voorlegging van ’n lasbrief [artikel 6 van die WKD):

a) Veroordeelde persone word by ’n gevangenis in hegtenis geneem. Dit beteken dat hul bewegingsvryheid beperk word. Sodanige beperking kan slegs deur die nodige regsdokument gemagtig word. Artikel 6(1)(a) van die WKD stipuleer duidelik: “’n Persoon mag nie in ’n gevangenis opgeneem word sonder ’n geldige lasbrief vir sy of haar aanhouding nie.”
b) Die lasbrief magtig die Kommissaris om die betrokke persoon by enige gevangenis aan te hou. ✓
c) Die lasbrief moet eers deur die hoof van die gevangenis gekontroleer word. Die rede hiervoor is dat die lasbrief aan sekere vereistes moet voldoen.

Die belangrikste vereiste is dat daar by elke gevangenis ’n register moet wees waarin die volgende inligting opgeteken is:

- Inligting rakende die identiteit van ’n gevangene
- Die rede en magtiging vir die gevangesetting
- Die dag en uur van opname en vrylating. (Enige 6 × 1) (6)

5.3 Die volgende algemene beginsels is van toepassing in gevalle waar gemeenskapgebaseerde vonnisse opgelê word:

- Die oortreder wat tot gemeenskapsdiens gevonnis word, moet 15 jaar of ouer wees.
- Die gemeenskapsdiens moet tot voordeel van die breër gemeenskap wees. Met ander woorde, dit moenie tot voordeel van ’n spesifieke groep of spesifieke individu opgelê word nie.
- Die voorwaardes waaronder die diens gelewer word, hoef nie altyd verband te hou met die misdaad wat gepleeg is nie.
- Gemeenskapsdiens is ’n geskikte alternatief vir gevangenisstraf. Sodanige vonnis kan ook oorweeg word waar die oortreder nie finansieel in staat is om ’n boete te betaal of die slagoffer te vergoed nie.
- ’n Streng keuringsproses moet gevolg word wanneer oorweeg word of ’n oortreder beveel moet word om gemeenskapsdiens te verrig of nie. Die blote feit dat ’n oortreder sy of haar bereidwilligheid verklaar om sodanige diens te verrig, beteken nie dat hy of sy geskik is daarvoor nie. (Enige 3 × 1) (3)

[11]

VRAAG 6

6.1 Openbare of staatsaanklaers vervul ’n kritieke rol tydens die geregtelike proses. Die staatsaanklaer verteenwoordig die NDOV en tree namens die staat op. Argumente deur staatsaanklaers word gegrond op die veronderstelling dat elke beskuldigde wat in die hof verskyn, onskuldig is totdat die staat die beskuldigde bo redelike twyfel skuldig bevind het.

Sodra die ondersoekbeampte glo dat die saak volledig ondersoek is en dat die inligting in die dossier die saak in die hof kan bewys, word dit aan die DOV (openbare vervolger) voorgelê om te besluit om regsverrigtinge op grond van die feite in te stel. Die besluit word onafhanklik van die polisie geneem.

(Enige 4 × 1) (4)

6.2 Ingevolge artikel 61 en 62 van die Wet op Korrektiewe Dienste:

- ’n Paroolganger of voorwaardelik vrygestelde persoon van wie vereis word om werk te soek, moet ’n redelike poging aanwend om werk te vind en moet bewys lewer aan die Kommissaris van Korrektiewe Dienste van die pogings wat hy/sy in hierdie verband aangewend het.
- Die Kommissaris van Korrektiewe Dienste moet bystand lewer in die poging om werk te vind.
- ’n Paroolganger of voorwaardelik vrygestelde persoon van wie vereis word om werk te vind en in diens te bly:
  - Mag nie werk verander sonder die Kommissaris se toestemming nie.
  - Moet die werk so goed moontlik doen en dienskontrakvoorwaardes nakom.
  - Mag nie die plek waar hy/sy werk gedurende werksure verlaat vir doeleindes wat nie verband hou met sy of haar werk, sonder die toestemming van die Kommissaris nie. (Enige 5 × 1) (5)

6.3

- Die oortreder: Verskoning of beskaming en gemeenskapsherintegrasie
- Die slagoffer: Die nadeel en die geleentheid vir vergifnis
- Die gemeenskap: Die herstel van verhoudings (3)

6.4

- Die slagoffer ontvang restitusie vir tasbare verliese en emosionele skade.
- Die oortreder aanvaar verantwoordelikheid, dra die gevolge van die daad en herwin waardigheid.

’n Belangrike en onlangse konseptuele ontwikkeling bied aan die gemeenskap ’n rol in die proses. Baie mense assosieer steeds herstellende geregtigheid met slagoffer-oortreder-bemiddeling en ’n slagoffergesentreerde benadering. Die onlangse aanvaarding van die idee dat misdaad in ’n driedimensionele verhouding (slagoffer/misdadiger/gemeenskap) beliggaam word, bied nuwe horisonne vir herstellende geregtigheid. Al drie partye moet deelneem aan die reaksie op misdaad en die herbou van verhoudings. (Enige 3 × 1) (3)

6.5 Sekondêre viktimisering verwys na die manier waarop die strafregsplegingstelsel, die randberoepe soos gesondheid en welsyn, en die gemeenskap in die algemeen die slagoffer inderwaarheid nog ’n keer kan viktimiseer deur hom/haar te blameer, sy/haar rol in die strafregproses te ignoreer, en deur hul onsensitiewe behandeling. (4)

[19]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 Gevangenes moet in selle aangehou word wat voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word ten opsigte van vloerruimte,✓ kubieke kapasiteit, beligting, ventilasie, sanitêre installerings en algemene gesondheidstoestande. Hierdie vereistes moet geskik wees vir aanhouding in menswaardige toestande (artikel 7(1) van die WKD). Hierdie bepalings stem ooreen met internasionale standaarde, soos gestipuleer in die Standaard Minimum Reëls vir die Behandeling van Oortreders (SMR),✓ naamlik:

- Waar slaapakkommodasie in afsonderlike selle of kamers is, moet elke aangehoudene 'n sel of kamer op sy eie beset.✓
- Indien dit weens spesiale redes, soos tydelike oorbewoning, vir die sentrale gevangenisadministrasie nodig word om 'n uitsondering op hierdie reël toe te pas,✓ is dit nie wenslik om twee aangehoudenes in 'n sel of kamer te huisves nie ✓
- Indien slaapsale gebruik word, moet aangehoudenes versigtig gekies word op grond daarvan dat hulle geskik is om in sodanige omstandighede te assosieer.✓ Daar moet snags gereelde toesighouding wees, in ooreenstemming met die aard van die instelling (Reël 9(2)).✓
- Alle akkommodasie wat vir aangehoudenes se gebruik voorsien word, en veral slaapakkommodasie, moet voldoen aan alle gesondheidsvereistes,✓ met inagneming van klimaatstoestande en veral kubieke inhoud van lug, minimum vloerruimte, beligting, verwarming en ventilasie. (Reël 10).✓
- Die sanitêre installasies moet geskik wees om elke aangehoudene in staat te stel om natuurlike liggaamsfunksies uit te voer, in 'n skoon en ordentlike omgewing (Reël 12).✓
- Geskikte bad- en stortinstallasies moet verskaf word sodat elke aangehoudene kan bad of stort by 'n temperatuur wat vir die klimaat geskik is, so dikwels as nodig vir algemene higiëne en volgens geografiese streek, maar minstens een keer per week in 'n gematigde klimaat (Reël 13).✓

<u>Afsonderlike akkommodasie</u>
Kragtens artikel 7 van die WKD is die skeiding van die verskillende kategorieë aangehoudenes nog 'n belangrike kwessie, naamlik:

- Aangehoudenes wat gevonnis is, moet weg van ongevonniste aangehoudenes aangehou word.
- Manlike en vroulike aangehoudenes moet afsonderlik aangehou word.
- Kindergevangenes moet weg van volwasse gevangenes aangehou word en in akkommodasie wat toepaslik vir hul ouderdom is.
- Aangehoudenes van spesifieke kategorieë van ouderdom, gesondheid of veiligheidsrisiko moet geskei word en by regulasie voorgeskryf word.

Hierdie bepalings kan gewysig word indien dit deur die gevangenishoof goedgekeur word, uitgevoer word onder toesig van 'n korrektiewe beampte en onderneem word om ontwikkelings- of steundienste of mediese behandeling te verskaf, maar onder geen omstandighede mag afgewyk word wat slaapakkommodasie betref nie. Die bostaande bepalings uit die WKD stem ook met die standaardminimumreël 8 ooreen ✓ (Enige 5 × 1) (5)

7.2 Voorgeskrewe vonnisse is vonnistydperke wat by wet bepaal is en nie maklik verander kan word nie.

- Parool of dagparool: Die gestipuleerde nieparooltydperk word deur die hof vasgestel en mag nie twee derdes van die vonnis oorskry nie of, indien geen nieparooltydperk vasgestel is nie, die helfte ✓ van die vonnis.
- Korrektiewe toesighouding: Een sesde van die vonnis
- Gewoontemisdadigers: Sewe jaar
- Lewenslange gevangenisstraf: 25 jaar van die vonnis of kumulatiewe vonnisse. (Enige 5 × 1) (5)

7.3 Die polisie het bevoegdhede deur wetgewing verleen om persele te betree, indien nodig met gebruik van geweld, om verklarings by persone af te neem. Spesiale bevoegdhede word verder verleen op grond waarvan staatsaanklaers mense kan dagvaar om voor die hof te verskyn en vrae in verband met die pleging van ’n misdaad te beantwoord. Daarbenewens word voorsiening gemaak vir die onderskepping van private kommunikasie tussen persone waar ernstige misdade betrokke is. Bevoegdhede word ook aan die SAPD verleen om sekere fisieke kenmerke van persone te ondersoek wat daarvan verdink word dat hulle by die pleging van sekere misdade betrokke is. (Enige 5 × 1)

(Enige 5 × 1) (5)
[15]

VRAAG 8

8.1 **Pleitooreenkoms/pleitonderhandeling**

- Ja, dit is billik.
- Pleitonderhandeling/pleitooreenkoms vind plaas voordat die verhoor begin.
- Dit word soms as deel van die geregtelike fase beskou aangesien dit met die vonnisoplegging van die beskuldigde verband hou.
- Die staatsaanklaer en die twee beskuldigdes moet ’n ooreenkoms bereik oor hoe hulle op die aanklagte teen hulle in die hof gaan pleit.
- Hulle onderhandel ook oor die vonnis wat aan die beskuldigde opgelê gaan word.
- Die beskuldigde kan instem om skuldig te pleit op ’n mindere aanklag en sodoende ’n meer toegeeflike vonnis ontvang. (5)

8.2

- Aanmelding van ’n misdaad
- Ondersoek deur die polisie
- Besluit oor vervolging deur die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings (NDOV) of staatsaanklaers
- Inhegtenisneming van die oortreder
- Voorverhoor-aanhouding, borgtog of vrylating op eie verantwoordelikheid
- Pleitooreenkoms/pleitonderhandeling (Enige 5 × 1) (5)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 9

9.1 Die beskuldigde het die reg op regsverteenwoordiging tydens die verhoor.✓ Die voorsittende beampte is regtens verplig✓ om 'n beskuldigde sonder regsverteenwoordiging onverwyld in te lig dat hy/sy die reg op regsverteenwoordiging✓ het. Die voorsittende beampte moet 'n aansoek om uitstel✓ versigtig oorweeg sodat die beskuldigde regsverteenwoordiging kan bekom.✓

Artikel 73 van die Strafproseswet bepaal dat elkeen wat van 'n oortreding aangekla word, op die volgende geregtig is:

- Om sy/haar verdediging by sy/haar verhoor te stel✓
- Om getuies te laat kruisondervra deur sy/haar regsadviseur of advokaat indien die verhoor in 'n Hoë Hof gevoer word.✓
- Om getuies te laat kruisondervra deur sy/haar regsadviseur of advokaat indien die verhoor in 'n laerhof gevoer word.✓
- Om deur sy/haar wettige voog bygestaan te word indien die beskuldigde onder die ouderdom van 18 is.✓

Dit is regsadviseurs se taak om hul kliënte van die nodige regsadvies✓ te voorsien. Sodra die beskuldigde hul saak in regsverteenwoordigers se hande geplaas het, het die laasgenoemde (verteenwoordigers) volle beheer oor die saak.✓ Volgens die professionele kode word dit as oneties beskou as regsadviseurs doelbewus onwaar feite as die waarheid aanbied terwyl die beskuldigde se saak gevoer word.✓ Die regsverteenwoordigers mag hul kliënte se verduideliking van die saak te goeder trou aanvaar, maar moet hulle adviseer om die waarheid te praat.✓

Die volgende beleefdheidsreëls moet te alle tye nagekom word:

- Die beskuldigde se regsadviseur mag nie staatsgetuies sonder die aanklaer se toestemming ondervra nie.✓ Hierdie beperking geld nie alleen tydens die periode voor die getuie getuienis lewer nie,✓ maar ook nadat getuienis afgelê is✓ totdat die hof uitspraak lewer.✓
- Die aanklaer mag nie enige getuienis verswyg wat die beskuldigde bevoordeel of kan bevoordeel nie.✓ Die aanklaer moet die verdediging inlig oor watter getuies hy/sy nie beoog om te roep om getuienis te lewer nie.✓ Indien die staat nie iemand as 'n staatsgetuie gaan gebruik nie, mag die verdediging sodanige persoon versoek om namens die beskuldigde te getuig.✓
- Geen party mag sonder die kennis van die ander party✓ sy eie getuie ondervra nadat die getuie getuienis afgelê het nie.✓ (Enige 15 × 1) (15)

9.2 **<u>Ondervraging van getuies deur die hof is regverdig en billik</u>**

Die regterlike beampte behoort bepaalde grondbeginsels van die uitoefening van die reg✓ na te kom, soos onpartydigheid,✓ om te oordeel slegs op grond van getuienis aangevoer in die ope hof,✓ om die beskuldigde in te lig oor sy/haar basiese regte en om na albei kante te luister.✓ Die standaarde wat ’n regterlike beampte in die ondervraging van getuies en die beskuldigde moet handhaaf, is opgesom in die saak *S vs Mabuza 1991 (1) SASV 636 (O)*:✓

- Die hof behoort nie sy ondervraging op so ’n manier uit te voer dat sy onpartydigheid bevraagteken of betwyfel kan word nie.✓
- Die hof behoort nie die getuie of beskuldigde te intimideer of ontstel soadat sy/haar antwoorde verswak of sy/haar geloofwaardigheid aangetas word nie.✓
- Die hof behoort die verhoor op so ’n wyse te beheer dat sy onpartydigheid, onbevooroordeeldheid, sy billikheid en redelikheid duidelik is vir almal wat ’n belang by die verhoor het.✓
- Die hof kan en moet getuies herroep om onsekerhede in die belang van geregtigheid uit te klaar.✓ (5)

[20]

OF

VRAAG 10

10.1 Ontvangs/resepsie is ’n proses waarvolgens aspekte van ’n ander regstelsel vrywillig in ’n bestaande regstelsel ontvang,✓ bygevoeg en in werking gestel word. Dit kan volgens ’n doelbewuste besluit of oor ’n tydperk deur middel van ’n proses van aanvaarding plaasvind.✓

Elemente van resepsie:

- Aspekte is onderdele of gedeeltes van iets; nie die hele ding nie.✓
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting, dus uit eie vrye wil.✓
- Ontvangs/resepsie is die proses waarvolgens iets verkry en aanvaar word.✓
- Bestaande regstelsel verwys na ’n huidige regstelsel wat op ’n sekere tydstip in ’n gebied in gebruik is.✓

Resepsie verwys dus na ’n situasie waar die mense in ’n grondgebied oor hul eie regstelsel beskik,✓ maar toelaat dat gedeeltes van ’n ander regstelsel by hul stelsel geïntegreer raak.✓

Ander voorbeelde van resepsie:

- Die aanvaarding van Romeinse reg in die Germaanse regstelsels, insluitend dié van die Nederlande en in die besonder die Provinsie van Holland✓
- Kanonieke reg in die Germaanse en Engelse reg in Europa en Engeland✓
- Engelse reg in Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika✓

TRANSPLANTASIE

Hollandse setlaars het in die 17de eeu na die suidpunt van Afrika gekom om 'n verversingspos vir die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) aan die Kaap die Goeie Hoop, soos hulle destyds Kaapstad en omstreke genoem het, te vestig.✓ Hulle het hul eie wette en regstelsel saamgebring soos dit in die Provinsie Holland in die Nederlande beoefen is.✓ Hul regsreëls het bekend gestaan as Romeins-Hollandse reg.✓ Wanneer 'n hele regstelsel van een gemeenskap✓ deur 'n ander gemeenskap, wat nie reeds 'n regstelsel het nie, aanvaar en vrywillig geïmplementeer word,✓ word dit transplantasie genoem.✓

Elemente van transplantasie
- Volkome: 'n woord wat gebruik word om na iets in die geheel te verwys; die volledige eenheid.✓
- Aanneming: die proses waarvolgens iets aanvaar en geïnkorporeer word.✓
- Geïmplementeer/in werking gestel verwys na 'n proses waarvolgens ons begin om iets te gebruik of toe te pas.✓
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting – uit eie vrye wil.✓

Die Hollandse setlaars het dus die Hollandse✓ stelsel oorgeneem en dit vir hul eie doeleindes begin gebruik.✓ Dit was egter nie die geval met inheemse mense wat in dieselfde gebied gewoon het nie.✓ (Enige 15 × 1) (15)

10.2 Resepsie/ontvangs is 'n proses waarvolgens aspekte van 'n ander regstelsel vrywillig in 'n bestaande regstelsel ontvang,✓ bygevoeg en in werking gestel word.✓ Dit kan volgens 'n doelbewuste besluit of oor 'n tydperk deur middel van 'n proses van aanvaarding plaasvind.✓

Elemente van resepsie:
- Aspekte is onderdele of gedeeltes van iets; nie die hele ding nie.✓
- Vrywillig verwys na die manier waarop iets gedoen word sonder dwang of verpligting, dus uit eie vrye wil.✓
- Resepsie is die proses waarvolgens iets verkry en aanvaar word.✓
- Bestaande regstelsel verwys na 'n huidige regstelsel wat op 'n sekere tydstip in 'n gebied in gebruik is.✓

Resepsie verwys dus na 'n situasie waar die mense in 'n grondgebied oor hul eie regstelsel beskik,✓ maar toelaat dat gedeeltes van 'n ander regstelsel by hul stelsel geïntegreer raak.✓

Ander voorbeelde van resepsie:
- Die aanvaarding van Romeinse reg in die Germaanse regstelsels, insluitend dié van die Nederlande, veral die Provinsie van Holland✓
- Kanonieke reg in die Germaanse en Engelse reg in Europa en Engeland✓
- Engelse reg in Romeins-Hollandse reg in Suid-Afrika✓ (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou